

# Laingsburg Munisipaliteit Pro Forma Begrotingsbeleid



## **INDEX**

<b>1. INLEIDING.....</b>	<b>1</b>
<b>2. WETGEWING.....</b>	<b>1</b>
<b>3. TIPE BEGROTINGS.....</b>	<b>3</b>
<b>4. BEGROTINGBENADERING .....</b>	<b>4</b>
<b>5. BEGROTINGSPROSESSE .....</b>	<b>4</b>
<b>6. OPSTEL VAN BEGROTINGS.....</b>	<b>6</b>
<b>7. GOEDKEURING VAN DIE BEGROTINGS .....</b>	<b>11</b>
<b>8. PROSES NÁ GOEDKEURING VAN DIE BEGROTINGS .....</b>	<b>11</b>
<b>9. VOORSTELLE.....</b>	<b>12</b>

## 1. INLEIDING

'n Begroting kan gedefiniëer word as die geskatte koste van die Raad se beplande werksaamhede vir 'n periode met verwagte bronne van inkomste om hierdie kostes te finansier. Hierdie is die belangrikste dokument wat voor 'n Raad ingedien word en 'n swak opgestelde en goedgekeurde begroting kan groot skade aan die gemeenskap meebring op die kort sowel as die langtermyn.

Wanneer 'n begroting opgestel word, is die uitdaging aan die Raad om 'n regverdigte balans te handhaaf tussen die belange van belasting- en dienstebetalers aan die een kant en die belange van die arm gemeenskap aan die ander kant. Die behoefte wat uit hierdie gemeenskappe voortspruit is nie net die lewering van dienste nie maar ook sosio-maatskaplik waarby Rade nie meer in die toekoms gaan verbykom nie. Beperkinge deur wetgewing en regeringsvoorskrifte moet ook in berekening gebring word wat besluitneming en prioritisering verder bemoeilik.

Dit moet ook verder erken word dat die opstel van begrotings 'n politieke proses is en verskille oor regte balans, soos hierbo bespreek, altyd sal voorkom.

## 2. WETGEWING

### 2.1 Plaaslike Besture Oorgangswet 1993 Art 10 (G)

'n Munisipaliteit sal jaarliks voor of op 'n datum wat deur wetgewing bepaal word 'n begroting saamstel en goedkeur, met 'n meerderheid stemme van die volle Raad (Stelselwet 1998 Art 30(2)), wat uit die volgende bestaan:

- (a) 'n Bedryfsbegroting van inkomste en uitgawe;
- (b) 'n Kapitaalbegroting wat die volgende moet reflekteer:
  - (i) die bronne van finansiering;
  - (ii) toekomstige leningskoste;
  - (iii) toekomstige bedryfsuitgawes;
  - (iv) toekomstige onderhoudsuitgawes;
  - (v) met die invloed daarvan op tariewe en dienstegeelde.

'n Munisipaliteit mag nie vir 'n tekort op sy bedryfsbegroting voorsien nie en moet verseker dat die begroting opgestel word in ooreenstemming met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.

Bykomend tot bogemelde begrotings moet die munisipaliteit kapitaalprogramme saamstel wat 'n investeringsprogram vir infrastruktuur insluit inaggenome die behoeftes soos in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan geïdentifiseer.

## **2.2 Wetsontwerp op Munisipale Finansiële Bestuur**

'n Munisipale Raad moet vir elke finansiële jaar by wyse van 'n jaarlikse begroting gelde beskikbaar stel om sy verpligtinge ten opsigte van uitgawes na te kom (par 15).

Die jaarlikse begroting bestaan uit:

- (a) 'n Bedryfsbegroting wat balanseer sodat die begrote uitgawes nie die realistiese verwagte inkomste vir die jaar ( plus die beskikbare opgehoopte surplus wat beskikbaar kan wees vir aanwending in die bedryf, min die persentasie van opgehoopte tekorte wat goedgemaak moet word), sal oorskry nie;
- (b) 'n Kapitaalbegroting waarvan die begrote projekte uitgawes nie die realistiese verwagte beskikbare finansiering oorskry nie.

Die groei in die begrotings mag nie die neergelegde perk wat deur die Nasionale Tesourie bepaal word, oorskry nie.

Die jaarlikse begroting moet minstens die volgende bevat:

- (a) 'n Realistiese beraaming van alle verwagte inkomste vir die begrotingsjaar;
- (b) Realistiese beraamde uitgawes per kostepos soos aanvaarbaar vir die Raad vir die begrotingsjaar ;
- (c) Realistiese beraamde rente- en delgingbetalings vir die begrotingsjaar;
- (d) Realistiese beraamde kapitaaluitgawes vir die begrotingsjaar met geprojekteerde finansiële implikasies daarvan op toekomstige begrotings;
- (e) 'n Aanduiding van voornemens om geld te leen of enige ander vorm van aanspreeklikheid wat die munisipaliteit se skuld huidiglik of in die toekoms gaan verhoog;
- (f) Projeksies vir die vorige finansiële jaar:
  - (i) inkomste;

- (ii) uitgawe opgebreek per uitgawepos;
  - (iii) lenings;
  - (iv) befondsingsvloei vanaf die munisipaliteit na munisipale entiteite en andersom.
- (g) Werklike transaksies betreffende die finansiële jaar voorafgaande die vorige begrotingsjaar vir:
- (i) inkomste;
  - (ii) uitgawe opgebreek per uitgawepos;
  - (iii) lenings;
  - (iv) befondsingsvloei vanaf die munisipaliteit na munisipale entiteite en andersom.

Wanneer die begroting ter tafel gelê word, moet die Munisipale Bestuurder meetbare doelwitte vir elke kostesentrum voorlê.

### **3. TIPE BEGROTINGS**

In die Plaaslike Owerheidsektor moet die volgende tipe van begrotings opgestel word soos voortspruitend uit wetgewing en gesonde bestuursbeginsels:

#### **(a) Kapitaalbegroting**

Alle investering in eiendom, netwerke, meubels, voertuie en toerusting wat van duurzame aard is en benodig word in die uitvoering van die Raad se bedrywighede, word kapitaaluitgawes genoem. Hiervoor moet apart begroot word.

#### **(b) Bedryfsbegroting**

Bedryfsbegrotings omskryf die uitgawes wat benodig word om die aktiwiteite van die Raad te finansier met gepaardgaande inkomstebronne om hierdie finansiering te befonds.

#### **(c) Spesiale en ander fondse begroting**

Begroting van uitgawes uit fondse vir spesifieke doeleindes daargestel met 'n kontant beskikbaarheidsaanduiding van sodanige fondse.

#### **(d) Kontantvloei begrotings**

Hierdie begroting word opgestel ter ondersteuning van bogemelde begrotings om aan te toon hoeveel kontant beskikbaar is en hoe dit aangewend moet word en sal potensiële kontanttekorte of surplusse aantoon.

#### **4. BEGROTINGBENADERING**

Gedurende die jare is verskeie benaderings tot die opstel en uiteensetting van begrotings gevolg. Met die begrotingshervorming word die volgende metode egter voorgestel vir Laingsburg Munisipaliteit;

##### **Zero Basis Begrotings (ZBB)**

Die basiese beginsel van ZBB is om alle programme en uitgawes van nuuts af te evalueer om prioriteite en/of alternatiewe metodes van dienslewering te bepaal.

Die voordele aan hierdie metode is:

- (i) dat historiese aktiwiteite voortdurend hersien word en nie outomaties saamgedra word nie;
- (ii) Beplanning is noodsaaklik anders kan goedkeuring van versoek nie geskied word nie.

Nadele:

- (i) In die plaaslike owerheid omgewing kan hierdie benadering nie ten volle toegepas word nie aangesien 'n groot deel van die munisipale begrotings uit vaste verpligtinge bestaan wat dwarsoor die werksaamhede strek en nie summier met 'n verandering in prioriteite en benadering weggelaat kan word nie;
- (ii) Die metode van begroot vereis meer tyd om voor te berei;
- (iii) Departementshoofde is geneig om opgeblaasde koste en voordele vir aktiwiteite wat hulle as belangrik beskou in te dien ten einde te probeer verseker dat hierdie projekte voorkeur geniet en verskil hierdie begrotings nie juis veel met die item begrotings nie.

#### **5. BEGROTINGSPROSESSE**

**(a) Die begrotingsprosesse bestaan uit die volgende hoof fases, nl:**

- (i) **Beplanning** - programme wat ontwikkel word om die doelwitte te bereik;
- (ii) **Vorbereiding** - toewysing van beskikbare bronne om hierdie beplanning te ondersteun;
- (iii) **Evaluering** - die begroting word geëvalueer ten einde die effektiwiteit daarvan om die beplande doelwitte te bereik, te bepaal. Hierdie

evaluering kan 'n belangrike rol speel in die volgende jaar se beplanning en begrotings.

- (iv) **Hersiening** - hersiening vind plaas voortspruitend uit die evalueringsproses om verstellings binne inkomste beperkings te maak om die daargestelde beplande doelwitte te bereik.
- (b) **Wetgewing** - Die konsepwetgewing (Municipal Finance Management Bill) skryf die prosesse soos volg voor:
  - (i) Artikel 17 bepaal dat die Raadslid verantwoordelik vir finansies, vir die volgende verantwoordelik is:
    - (a) Voorlegging van die konsepbegrotings ten minste vier maande voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar;
    - (b) 'n Publieke deelname proses;
    - (c) Deur middel van die pers aankondig dat die konsepbegrotings ter insae vir die publiek by die munisipale kantore of enige ander lokaal beskikbaar is, die publiek uitnoui om skriftelike kommentaar binne 'n tydsbestek te lewer en die datums wat die Raad bepaal het vir publieke aanhoring betreffende die konsepbegrotings;
    - (d) Binne sewe dae na die opstel van die konsepbegroting dit voorlê aan Nasionale Tesourie (indien so aangedui deur kennisgewing), aan die Provinsiale Tesourie indien, nie per kennisgewing aangedui vir voorlegging aan Nasionale Tesourie nie, aan die Distriksmunisipaliteit waaronder daardie area sorteer. Enige kommentaar van die betrokke Tesourie moet binne veertig dae na ontvangs geskied.
    - (e) Na bogemelde prosesse afgehandel is, moet die Raadslid die Munisipale Bestuurder opdrag gee om die finale begrotings voor te berei met inagneming van kommentaar vanuit die openbare vergaderings of skriftelik gelewer en ook voorstelle vanaf die relevante Departement van Finansies tesame met riglyne soos neergelê deur die Nasionale Departement van Finansies waarna die konsep ter tafel gelê word vir goedkeuring deur die Raad.
    - (f) Hierdie prosesse moet so bestuur word dat die voorlegging van die finale begrotings ter tafel gelê word 30 of meer dae voor die finansiële jaar onder begroting, in aanvang neem.
  - (ii) Finale goedkeurig moet geskied voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar.

## **6. OPSTEL VAN BEGROTINGS**

Soos uit bogemelde bespreking blyk, is die opstel van 'n begroting nie 'n oornag gebeurtenis nie en moet nie net vir die werksaamhede beplan word nie, maar moet tydsraamwerke vir die afhandeling van die betrokke begrotings ook daargestel word.

Daar moet op gelet word dat die begrotingsgroei deur Nasionale Tesourie vasgestel is op 9%, 8% en 7% vir die 2003/2004, 2004/2005 en 2005/2006 finansiële jare onderskeidelik.

Daar word voorgestel dat soos volg te werk gegaan moet word:

### **(a) Kapitaalebegroting**

Die kapitaalebegroting van die Munisipaliteit word bepaal deur die GOP. Die GOP moet in sy totaliteit geïntegreer word in die Kapitaalebegroting. Dit dui dan ook op die nie-operasionele behoeftes van die Munisipaliteit. Die hersiening van die GOP is 'n deurlopende proses as gevolg van die veranderende behoeftes van die gemeenskap.

Die kapitaalebegroting bestaan uit hoofsaaklik 2 kategorieë.

Kapitaalbehoefte vir die voorsiening in die behoeftes van die gemeenskap en die uitbreiding van die bestaande infrastruktuur.

- (1) Projekte gedeïntifiseer deur die gemeenskap, raadslede en amptenare.
- (2) Interne kapitaalbehoefte ten einde die normale werksaamhede van die munisipaliteit te vergemaklik en verseker. Hieronder kan Kantoortoerusting, Voertuie en Rekenaartoerusting geklassifiseer word.

Die kapitaalbehoefte van die verskillende departemente behoort reeds teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar by die Tesourie Afdeling ingehandig word. Daar moet duidelik aangedui word;

- (i) Wat moet bereik word met die projek of item aankope;
- (ii) Hoe pas dit in met die Raad se doelwitte;
- (iii) Die verwagte koste van die projek of aankope;
- (iv) Onderhoudsplan vir die projek of item;
- (v) Verwagte koste, insluitende onbeplande herstel, van die onderhoudsplan;
- (vi) Verwagte lewensduur van die bate wat geskep sal word;
- (vii) Addisionele mannekrag, materiaal of ander bronne wat benodig sal word om hierdie bate aan te wend of die besparing aan hulpbronne wat bewerkstellig sal word;



- (viii) Kontantvloeiprojeksie vir die uitvoer van die projek of item aankope;
- (ix) Alternatiewe wat beskikbaar is om dieselfde doel te bereik en die koste en nadele daaraan;
- (x) Moontlike nadelige gevolge indien die projek of item aankope nie uitgevoer word nie;
- (xi) Prioriteitstoekening volgens die prioriseringsbeleid.

Die Tesourie Departement ondersoek hierdie versoek en bepaal die volgende:

- (i) Bron van finansiering;
- (ii) Kapitaalkoste indien die bate deur 'n lening gefinansier gaan word;
- (iii) Waardevermindering wat die bedryfsbegroting gaan affekteer;
- (iv) Koste van addisionele bronne soos in die besigheidsplan aangetoon.

Hierdie versoek tesame met die projekte soos goedgekeur op die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan word dan in verslagvorm volgens voorlopige prioriteitstoekennings en motiverings voorberei met volle aanduiding van die koste van kapitaal en bedryf daarvan.

Die Direkteur: Finansies moet ook in hierdie verslag aandui wat die beskikbare finansiering is en die effek van elke aanvraging se insluiting en/of uitsluiting op die tariefstruktuur van die raad. Die totale bedrag bekostigbaar as groei op die bedryfsbegroting na inagneming van inflasie en ander faktore groei wat mag bestaan, moet in die verslag vervat word om aan te dui tot watter mate kapitaal toegelaat kan word.

Met kapitaalprojekte is dit heel dikwels die gebruik dat eksterne lenings as die finansieringsbron getoon word en die projek dan ook 'n hoë prioriteit geniet, maar met uitvoering daarvan word dan gevind dat niemand bereid is om hierdie projek te finansier nie. Die gevolg is dat daar dan by die Staat aangeklop moet word wat ook reeds sy toekennings gedoen het en moontlik nie onmiddellik kan help of wil help nie. Die Direkteur: Finansies sal dus reeds met betrokkenes moet onderhandel oor beskikbaarheid van finansiering. Dus in kort, wanneer 'n finansieringsbron toegewys word aan 'n projek moet die beskikbaarheid daarvan reeds uitgeklaar wees. Alternatiewelik moet die prioriteit daarvan uitgestel word.

Hierdie verslag moet vir bespreking en voorlopige prioriteitsaanduiding voor 1 Desember voor die Raad geplaas word om die Direkteur: Finansies in staat te stel om die konsepbedryfsbegroting aan te pas met die moontlike kostes voortspruitend uit die kapitaalbegroting.

## **(b) Bedryfsbegroting**

### **(1) Inkomste Bepaling**

Deel van Nasionale Tesourie se begrotingshervormingsproses word voorgestel dat die totale moontlike inkomste van die Munisipaliteit bepaal word alvorens operasionele kostes begroot word. Die gedagte hieragter is dat die Munisipaliteit nie uitgawes behoort aan te gaan waarvoor fondse nie uit die normale werksaamhede van die Munisipaliteit verkry kan word nie. Hierdie beginsel lei dus tot 'n besparing in onnodige uitgawes en plaas die fokus terug op kernaktiwiteite.

Die volgende moet in ag geneem word met inkomste bepaling:

- Werklike resultate van vorige finansiële jaar
- 'n Beraamde natuurlike groei van 1% in dienste
- 'n Gemiddelde groei in tariewe van 7.5%
- 'n Gemiddelde betaalsyfer, huidiglik ongeveer 96%

Dit is van kardinale belang dat enige vooruitskattings so realisties as moontlik moet wees aangesien die inkomste die operasionele uitgawes bepaal.

Alhoewel 'n gemiddelde tariefverhoging van 7.5% as die norm gebruik gaan word vir die opstel van die konsepbegroting, is dit belangrik om daarop te let dat tariefverhogings kan verskil tussen die verskillende dienste.

Ander aspekte wat in ag geneem behoort te word met die vasstelling van tariewe;

- **Eiendomsbelasting**  
Die "Local Government Property Rates Bill", sal 'n invloed hê op die inkomste van die Munisipaliteit. Daar is voorgestel dat Landelike Belasting oor vier jaar ingefaseer word op 'n skaal van 25%, 50%, 75% en 100%. Vanuit 'n besigheidsoogpunt sou dit egter wenslik wees indien die Munisipaliteit hierdie addisionele inkomste, nie sou aanwend in die normale besigheidsaktiwiteite nie, maar eerder vir infrastruktuur ontwikkeling en verbetering.
- **Elektrisiteit**  
Die NER stel voor dat 'n 13% surplus op elektrisiteit bewerkstellig word met die bepaling van die tariewe.

- **Riolering en Vullisverwydering**  
Bogenoemde word as Ekonomiese Dienste geklassifiseer, en tariewe behoort bepaal te word op die gelykbreekbeginsel.
- **Water**  
Water is 'n handelsdiens en behoort dus 'n surplus van 10% te toon.

## **(2) Uitgawe Bepaling**

Die Tesourie Departement versamel alle inligting op 'n uitgawe begroting waarby die koste elemente soos salarisse, algemene koste soos bv versekering, leningskoste, bydraes tot fondse, ens. (daardie uitgawes waaroor die Departementshoofde nie beheer uitoefen oor die samestelling daarvan nie). Dit moet gemeld word dat 'n Departementshoof wel beheer kan uitoefen oor bv. die mannekrag behoefte wat hy het maar nie die berekening van die koste daarvan beheer nie.

Daar moet egter in ag geneem word dat die ooreenkoms met SALGBC rakende salarisverhogings

Met die samestelling van die konsepbedryfsbegroting moet die volgende in ag geneem word:

- (i) Die beperkings soos vereis deur die Nasionale Departement van Finansies. 9%, 8% en 7% vir die 2003/2004, 2004/2005 en 2005/2006 finansiële jare onderskeidelik;
- (ii) Salarisverhogings soos deur SALGBC onderhandel
- (iii) Die moontlike slegte skuld gebaseer op wanbetaling moet in berekening gebring word as 'n uitgawe item;
- (iv) Administratiewe bokoste toewysing na al die funksionele kostesentrums moet in berekening gebring word op 'n aanvaarbare metode, bv. die beraamde tyd wat die administratiewe-, finansiële-, bestuur-, dataverwerking departemente saam met die raad en komitees aan die onderskeie saamgestelde funksionele kostesentrums bestee, kan as 'n pesentasie van die koste van bogemelde departemente uitgedruk word en aan die betrokke kostesentrum as 'n uitgawe toegewys word. Hierdie toewysings is belangrik om die ware koste van 'n diens te bepaal en sodoende 'n regverdige tarief te kan bepaal en die Raad in staat stel om sinvol oor werksaamhede te kan beplan.

Die konsepbegroting moet nie later as 31 Januarie van die finansiële jaar wat die begrotingsjaar voorafgaan aan die Raad vir bespreking voorgelê word nie. Enige wysigings moet nou in die kosepbegroting aangebring word alvorens dit voor of op 28 Februarie van die finansiële

jaar, voorafgaande die begrotingsjaar onder oorsig, vir publieke insae voorgelê word.

Onmiddellik met die voltooiing van die konsepbegroting moet die Raad in enige plaaslik verspreide koerant kennis gee van waar die konsepbegrotings ter insae lê en enige belanghebbende uitnoui om skriftelike kommentaar of voorleggings aan die Raad betreffende die konsepbegrotings te lewer voor of op die einde van April van die finansiële jaar wat die begrotingsjaar voorafgaan. Die datums van die openbare aanhoringe betreffende die konsepbegrotings moet in die kennisgewing aangedui word en moet voor die einde van April van die finansiële jaar wat die begrotingsjaar voorafgaan gereël word. Artikel 21 van die Munisipale Stelselwet skryf die prosedure van mededelings aan die gemeenskap voor.

Daar word voorgestel dat minstens twee publieke aanhore gereël word waarvan een hoofsaaklik aan die landelike gebied toegewys word. 'n Verdere aanhoringdatum moet bepaal word, indien nodig, voortspruitend uit die ander aanhoringe.

Binne sewe dae vanaf 28 Februarie moet afskrifte van die konsepbegrotings aan die Nasionale Tesourie (indien so aangedui deur kennisgewing), aan die Provinsiale Tesourie indien nie deur bogemelde kennisgewing aangedui sowel as aan die Distriksmunisipaliteit voorgelê word. Hierdie voorleggings sal egter eers verpligtend wees sodra die wetsontwerp goedgekeur en afgekondig is.

Na afhandeling van die publieke aanhoringe en versameling van kommentare en voorleggings vanaf die publiek, Tesourie departemente en Distriksmunisipaliteit, berei die Direkteur: Finansies die finale konsepbegroting wat die volgende moet vervat:

- (i) Die kommentare en voorleggings ontvang tesame met die kommentare van die Departementshoofde asook die kort- en langtermyn effek, indien enige, daarvan op die belastinge, tariewe en kontantvloei van die Raad;
- (ii) Voorstelle vanaf Regeringsdepartemente en die uitvoerbaarheid met bogemelde effek daarvan;
- (iii) Hersiening van prioriteite binne beperkende riglyne van Nasionale Tesourie en bekostigbare tariefstrukture.

en lê dit voor of op 31 Mei van die finansiële jaar wat die begrotingsjaar voorafgaan, ter tafel vir finale goedkeuring. Die advertensietermyn van 14 dae moet hier in gedagte gehou word indien tariewe op 1 Julie van die begrotingsjaar in werking moet tree.

**(c) Spesiale en ander fondse begroting**

Met die inwerkingtrede van GAMAP (General Accepted Municipal Accounting Practice) gaan uitgawes hoofsaaklik vanuit die Bate finansierings en Eksterne finansieringsfondse asook enkele ander toegelate fondse gemaak word. 'n Begroting van beoogde spandering moet saamgestel word en 'n duidelike aanduiding van die verwagte beskikbare kontant op hierdie fondse moet die begroting vergesel. Geen uitgawe mag uit hierdie fondse aangegaan word as dit nie met kontant fundeer is nie. Inkomste aan hierdie fondse word begroot uit bydraes vanaf die bedryfsrekening asook ontvangstes vanaf eksterne instansies en moet op die fondse inkomste begroting as sodanig aangetoon word. Hierdie begroting moet saam met die ander vir goedkeuring voorgelê word.

**(d) Kontantvloei begroting**

Voortspruitend en ter ondersteuning van die kapitaal-, bedryfs- en fonds-begrotings moet 'n kontantvloei begroting deur die Direkteur: Finansies opgestel en voorgelê word wat die verwagte kontantuitvloei en inkomste realisering aandui. Die uitvoer van die begroting moet so beplan word dat genoegsame kontant beskikbaar sal wees om die werksaamhede te kan finansier. Daar mag nie vir 'n tekort op die bedryfsrekening begroot word nie en by implikasie dus ook nie vir 'n kontanttekort nie. Die beplanning van kontant is 'n baie belangrike aspek van begrotings en toon aan waar die begrotings onbekostigbaar raak.

## **7. GOEDKEURING VAN DIE BEGROTINGS**

Goedkeuring van die begrotings moet voor die aanvang van die finansiële jaar waarvoor begroot word, geskied met 'n besluit ondersteun deur 'n meerderheid van Raadslede (Artikel 30 van die Munisipale Stelselwet 17 van 1998). Indien hierdie meerderheid nie bereik word nie moet die Raad die begroting in heroorweging neem en weer daarvoor, of 'n gewysigde weergawe daarvan, stem binne sewe dae na die vorige vergadering. Hierdie proses moet herhaal word tot goedkeuring verkry is voor 30 Junie van die jaar wat die begrotingsjaar vooruitgaan.

## **8. PROSES NÁ GOEDKEURING VAN DIE BEGROTINGS**

Die begrotings moet binne 14 dae na goedkeuring aan Nasionale Tesourie voorgelê word vir goedkeuring tesame met enige motiverings waar afgewyk is van die voorskrifte en riglyne soos deur Tesourie voorgeskryf.

'n Kennisgewing van die Raadsbesluit met die goedkeuring en besonderhede van eiendomsbelasting en ander tariewe moet op 'n opsigtelike plek by die munisipale kantore sowel as op ander plekke in die munisipale jurisdiksie gebied soos deur die Munisipale Bestuurder besluit, opgesit word. Hierdie kennisgewing moet verder die inwerkingtreding van hierdie tariewe en die datum waarop hierdie kennisgewing die eerste keer vertoon word, aandui sodat enige persoon wat wil beswaar aanteken dit binne 14 dae na hierdie datum skriftelik kan indien.

Hierdie bepaling soos bepaal in Art 10 G van die Plaaslike Besture Oorgangswet 1993 is die minimum vereiste van advertering en word aanbeveel dat die advertensie ook in 'n plaaslike koerant geadverteer word met die voorbehoud dat die besware voor of op dieselfde datum soos bepaal op die kennisgewing ingedien moet word.

## **9. VOORSTELLE**

Die volgende voorstelle kan gemaak word.

- (a) Dat die finansiële strategie deur die Raad goedgekeur word om as hulpmiddel te dien vir die 2004/2005 begroting;
- (b) Enige nuwe operasionele aktiwiteit deur die Raad goedgekeur word, alvorens dit in die begroting ingesluit word;
- (c) Dat die verbruikersprysindeks as die riglyn gebruik word vir die bepaling van tariefverhogings;
- (d) Dat daar gestreef word na 'n 13% surplus op Elektrisiteitsdienste;
- (e) Dat daar gestreef word na 'n 10% surplus op Waterdienste;
- (f) Dat daar gestreef word na 'n gelykbreekpunt op Vullisverwydering en Sanitasie;
- (g) Dat die Tesourie departement doelwit vir elke uitgawe item op die begroting ondersoek en neergelê word;
- (h) Dat die SALGBC riglyne rakende salarisverhogings in ag geneem word.

## BEGROTINGSPROSESSE

AKTIVITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTTE	VOLTOOIINGSDATUM
Stuur omsendkrywe aan departemente en raadslede om kapitaalversoek voor te berei.		Munisipale Bestuurder	Voor of op 31 Julie
Opdrag aan alle departemente om aan die Direkteur : Finansies `n begroting van uitgawe vir die versoek vir finansiële jaar, volgende op die huidige finansiële jaar, voor te lê.		Munisipale Bestuurder	Voor of op 31 Augustus
Voorbereiding van die Kapitaalbegrotingsversoek met inagneming van die versoek soos op die GOP of hersiene GOP geprioritiseer vir die finansiële jaar, volgende op die huidige finansiële jaar, vir inhandiging by die Direkteur: Finansies.	Die versoek moet opgestel en met die volgende motiverings ingehandig word: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wat moet bereik word met die projek of item aankope;</li> <li>• Hoe pas dit in met die Raad se doelwitte;</li> <li>• Die verwagte koste van die projek of aankope;</li> <li>• Onderhoudsplan vir die projek of item;</li> <li>• Verwagte koste, insluitende onbeplande herstel, van die onderhoudsplan;</li> </ul>	Alle departemente en raadslede	Voor of op 31 Oktober

**BESPREKINGSKODOKUMENT**

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTTE	VOLTOOIINGSDATUM
<p>Vorbereiding van kapitaalbegrotingsverslag</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verwagte lewensduur van die bate wat geskep sal word;</li> <li>• Addisionele mannekrag, materiaal of ander bronne wat benodig sal word om hierdie bate aan te wend of die besparing aan hulpbronne wat bewerkstellig sal word;</li> <li>• Kontantvlbeirojeksie vir die uitvoer van die projek of item aankope;</li> <li>• Alternatiewe wat beskikbaar is om dieselfde doel te bereik en die koste en nadele daarvan;</li> <li>• Moontlike nadelige gevolge indien die projek of item aankope nie uitgevoer word nie;</li> <li>• Prioriteitstoekenning volgens die prioriteringsbeleid.</li> </ul> <p>Die Direkteur: Finansies ondersoek die kapitaalversoek en bepaal die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bron van finansiering;</li> <li>• Kapitaalkoste indien die bate deur 'n lening gefinansier gaan word;</li> <li>• Waardevermindering wat die bedryfsbegroting kan affekteer;</li> </ul>		<p>Voor of op 30 November</p>



Wes-Kaap Provinsiale Regering  
 Laingsburg Munisipaliteit – Pro Forma Verslag – Begrotingsbeleid

**BESPREKINGSKODOKUMENT**

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTTE	VOLTOOIINGSDATUM
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koste van addisionele bronne soos in die besigheidsplanne aangetoon.</li> <li>• Die effek van elke aanvraag se insluiting op die tariefstruktuur van die raad.</li> <li>• Die totale bedrag bekostigbaar as groei op die bedryfsbegroting na inagneming van inflasie en ander faktore wat groei mag bestaan, moet in die verslag vervat word om aan te dui tot watter mate kapitaal toegelaat kan word.</li> </ul>		
Konsepkapitaalbegroting voor die raad vir prioritisering		Munisipale Bestuurder	Voor of op 7 Desember
Voorbereiding van die bedryfsbegroting versoen vir konsepbegroting	<p>Hierdie versoeke moet vergesel word van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Besigheidsplan per kostesentrum waarvoor hy/sy verantwoordelik is en aangetoon die funksies waarvoor begroot moet word met die bronne benodig om dit uit te voer (mannekrag, materiaal, voertuie en masjinerie).</li> </ul>	Departementshoofde	Voor of op 30 November

## BESPREKINGSDOKUMENT

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTE	VOLTOOIINGSDATUM
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die doel waarna gestreef word, bv. tagtig ton vullis wat verwyder en verwerk moet word, een honderd kilometer paaie wat onderhou moet word teen `n gemiddelde koste van Rx per kilometer en die volgende verwagte onderhoud moet gedoen word, ens.</li> <li>• Die koste van materiaal en ander bedryfsuitgawes soos deur die Direkteur: Finansies aangedui, moet verskaf word. Hier moet nie net `n byvoeging op die vorige jaar se begroting geskied nie, maar `n berekening van hoeveelhede benodig teen verwagte pryse moet van nuuts af gedoen en motiveer word.</li> <li>• Projekties vir afsluiting van die nuutste goedgekeurde begroting vir die finansiële jaar wat die konsepbegrotingsjaar vooruitgaan.</li> <li>• Werklike resultate vir die geslote finansiële jaar wat die huidige finansiële jaar vooruitgaan, moet deur die Direkteur: Finansies ingevoeg word.</li> </ul>		

Wes-Kaap Provinsiale Regering  
 Laingsburg Munisipaliteit – Pro Forma Verslag – Begrotingsbeleid

**BESPREKINGSKOKUMENT**

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTE	VOLTOOIINGSDATUM
<p>Voorbereiding van die bedryfs- en fondsbegrotings</p>	<p>Die Direkteur: Finansies versamel al die inligting van die departementshoofde ontvang op 'n uitgawebegroting waarby die koste elemente soos salarisse, algemene koste soos bv. versekering, leningskoste, bydraes tot fondse, ens. (daardie uitgawes waaroor die departementshoofde nie beheer uitoefen oor die samestelling daarvan nie) bygevoeg word.</p> <p>Die samestelling van die begroting moet op die lynitem beginsel geskied waaraan alle betrokkenes reeds gewoond is met die byvoeging van besighheidsplanne om alle funksies toe te lig.</p> <p>Die volgende moet in ag geneem word:</p>	<p>Direkteur: Finansies</p>	<p>Voor 31 Januarie</p>

**BESPREKINGSDOKUMENT**

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTE	VOLTOOIINGSDATUM
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die beperkinge soos vereis deur die Nasionale Departement van Finansies. Op hierdie stadium is dit onwaarskynlik dat die nuwe riglyne reeds bekend sal wees en moet die vorige beperking as 'n aanduiding vir 'n riglyn beskou word;</li> <li>• Die maandelike slegte skuld gebaseer op wanbetaling moet in berekening gebring word as 'n uitgawe item;</li> <li>• Administratiewe bokoste toewysing na al die funksionele kostesentrums moet in berekening gebring word op 'n aanvaarbare tyd wat die administratiewe-, finansiële-, bestuur-, dataverwerking departemente saam met die raad en komitees aan die onderskeie saamgestelde funksionele kostesentrums bestee, kan as 'n persentasie van die koste van bogemelde departemente uitgedruk word en aan die betrokke kostesentrum as 'n uitgawe toegewys word. Hierdie toewysings is belangrik om die</li> </ul>		

Wes-Kaap Provinsiale Regering  
 Laingsburg Munisipaliteit – Pro Forma Verslag – Begrotingsbeleid

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTE	VOLTOOIINGSDATUM
	<p>ware koste van 'n diens te bepaal en sodoende 'n regverdige tarief te kan bepaal en die Raad in staat stel om sinvol oor werksaamhede te kan beplan.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Eiendomsbelasting, dienste en diverse tariewe moet nou bepaal word ooreenkomstig die Raad se Inkomstebeleid met aanduiding hoe die aanpassing in tariewe die onderskeie verbruikersektore beïnvloed.</li> </ul>		
Eerste voorlegging van die totale begroting aan die raad vir bespreking.		Direkteur: Finansies	Voor of op 31 Januarie
Aanbring van wysigings op konsepbegroting		Direkteur: Finansies	28 Februarie
Kennisgewing in plaaslik verspreide koerant en kennisgewingborde	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kennisgewing van konsepbegrotings ter insae vir publiek;</li> <li>Uitnodiging vir kommentare op die konsepbegrotings;</li> <li>Die datums van die openbare aanhorings betreffende die konsepbegrotings</li> </ul>	Munisipale Bestuurder	Voor 28 Februarie

**BESPREKINGSDOKUMENT**

AKTiwITEITE	RIGLYNE	VERANTwoORDELIKE BEAMPTe	VOLTOOINGSDATUM
Publieke aanhore	Daar moet twee publieke aanhore gereël word waarvan een hoofsaaklik aan die landelike gebied toegewys word. n Verdere aanhoringdatum moet bepaal word, indien nodig, voortspruitend uit die ander aanhoring.	Munisipale Bestuurder	Voor 30 April
Voorbereiding van die finale konsepbegroting	<p>Na afdeling van die publieke aanhoring en versameling van kommentare en voorleggings vanaf die publiek, Tesourie departemente en Distriksmunisipaliteit, berei die Direkteur: Finansies die finale konsepbegroting voor wat die volgende moet vervat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kommentare en voorleggings ontvang tesame met die kommentare van die departementshoofde asook die kort- en langtermynneffek, indien enige, daarvan op die belastings, tariewe en kontantvloei van die Raad;</li> <li>• Voorstelle vanaf Regeringsdepartemente en die uitvoerbaarheid met bogemelde tarief effek daarvan;</li> </ul>	Direkteur: Finansies	Voor 31 Mei

**BESPREKINGSDOKUMENT**

AKTIWITEITE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE BEAMPTTE	VOLTOOIINGSDATUM
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hersiening van prioriteite binne beperkende riglyne van Nasionale Tesourie en bekostigbare tariefstrukture.</li> </ul>		
Voorlegging van die finale konsepbegroting aan die raad.		Munisipale Bestuurder en Direkteur: Finansies	Voor of op 31 Mei
Verdere begrotingsvergaderings indien nie goedgekeur.		Munisipale Bestuurder en Direkteur: Finansies	Voor of op 30 Junie
Advertering van goedgekeurde tariewe.	<p>'n Kennisgewing van die raadsbesluit met die goedkeuring en besonderhede van eiendomsbelasting en ander tariewe moet op 'n opsigtelike plek by die munisipale kantore sowel as op ander plekke in die munisipale jurisdiksiegebied soos deur die Munisipale Bestuurder besluit, opgesit word. Hierdie kennisgewing moet verder die inwerkingtreding van hierdie tariewe en die datum waarop hierdie kennisgewing die eerste keer voltooi word, aandui sodat enige persoon wat wil beswaar aanteken dit binne 14 dae na hierdie datum skriftelike kan indien.</p>	Munisipale Bestuurder	Onmiddellik na goedkeuring van die begroting.